

HOOFSTUK 2

BETEKENISINHOUD EN AARD VAN INLIGTING

2.1 INLEIDING

Hoewel elkeen in wese weet wat die begrip inligting in die algemene spreektaal beteken, behoort hierdie begrip van nader ondersoek te word om te bepaal wat hierdie begrip werklik behels en wat die eienskappe van inligting moet wees voordat die reg daaraan regsgevolge sal heg.

Verskeie skrywers verskil aangaande die betekenisinhoud van die begrip inligting en sommige vra selfs die vraag of dit werklik nodig is om die begrip te omskryf¹. Aangesien inligting 'n sentrale tema van hierdie studie vorm sal verskeie definisies van inligting nagegaan word, asook enkele skrywers se omskrywings van die begrip inligting. Die onderskeid en verwantskap tussen data, idees, inligting, kennis en wysheid sal ondersoek word en 'n omskrywing van inligting sal gewaag word.

Die belangrikheid van inligting in die hedendaagse samelewing en die verskyningsvorme daarvan in die besigheidswêreld word kortliks beklemtoon. Die wyses waarop inligting deur industriële spioene verkry word en die onderskeid tussen industriële en ekonomiese spioenasie word bepaal te einde die studie slegs tot industriële spioenasie te beperk.

¹ Geldenhuys (1), 12.

Die metodes en redes vir spioenasie word nagegaan ten einde 'n beter begrip te vorm van die onderskeie handeling wat deur 'n spioen gebruik sal word om inligting te verkry. Die unieke aard van inligting word beklemtoon om vas te stel welke struikelblokke sal voorkom indien 'n spioen of persoon vir die diefstal van inligting vervolg wil word.

Die kwaliteite waaraan inligting behoort te voldoen voordat dit ingevolge die Suid-Afrikaanse strafreg beskerming verleen sal word, word in hierdie en in al die ander Hoofstukke nagespoor ten einde aan die einde 'n definisie vir beskermwaardige inligting te formuleer.

2.2 DIE ONDERSKEID EN VERWANTSKAP TUSSEN DATA, FEITE, IDEES, INLIGTING, KENNIS EN WYSHEID

Tydens 'n soeke na presies wat die uitdrukking 'inligting' as inhoud het moet daar eers by die beginpunt van inligting, synde idees, data en feite begin word, voordat na inligting as sulks verwys word.

DP van der Merwe² verwys na die definisie van *datum* soos vervat in die *Concise Oxford Dictionary*³ waarin aangetoon word dat dit 'facts or information, especially as a basis for inference; quantities or characters operated on by computers' is.

Geldenhuis⁴ verwys na die *Woordeboek vir die Afrikaanse Taal* wat *datum* aandui as 'wat gegee is' of 'gegewe feite'. Geldenhuis⁵ gaan van die veronderstelling uit dat die begrip 'feite' met verwysing na inligting die volgende omskrywing moet dra en omskryf feite as:

² Van der Merwe DP (1), xviii.

³ 7de uitgawe (1983).

⁴ Geldenhuis, 61.

⁵ Ibid.

‘enigiets wat ‘n individuele, konkrete bestaan het, ditsy subjektief of objektief beskou; iets wat deur regstreekse waarneming geken word; gebeurtenis, geestelik of fisies, wat werklik plaasgevind of ondervind is; voorval, hoedanigheid of verband waarvan die werklikheid uit die ondervinding blyk of met sekerheid afgelei kan word; gegewe wat metodies in die ervaring gekonstateer is en onafhanklik van die tyd, plek of die waarnemer bestaan’⁶.

Geldenhuis meen dat data dus uit ‘n bepaalde kategorie van feite, naamlik daardie feite wat as *gegewe feite* bekend staan, of uit iets anders wat *gegees* is, bestaan. Geldenhuis⁷ kom tot die gevolgtrekking dat inligting altyd data sal vorm en dat data meestal ook inligting sal vorm, alhoewel daar tog data kan wees wat nie ook inligting vorm nie.

In die *Oxford Advanced Learner’s Dictionary of Current English*⁸ word *data* omskryf as ‘1. facts; things certainly known (and from which conclusions may be drawn); 2. information prepared for and operated on a computer programme’. Hierteenoor word ‘fact’ omskryf as ‘something that has happened or been done; known to be true or accepted as true; reality; what is true; what exists’. Volgens DP van der Merwe⁹ word ‘fact’ in die *Concise Oxford Dictionary* omskryf as ‘thing certainly known to have occurred or be true; *datum* of experience, thing used as a basis for inference’.

Data word dus tweeledig omskryf. Eerstens word data omskryf as feite wat bekend is en wat gebruik kan word om afleidings of gevolgtrekkings van te maak. Feite word onder andere omskryf as iets wat as basis vir ‘n afleiding gebruik kan

⁶ Geldenhuis, 61.

⁷ Geldenhuis, 63.

⁸ Hornby, 218-219.

⁹ Van der Merwe DP (1), xviii.

word, maar daar word grotendeels na feite verwys as iets wat gebeur het of gedoen is of wat dus waar is of as waar aanvaar word of wat wel bestaan. Hieruit kan afgelei word dat data feite is wat waar is of dat data uit feite bestaan oor iets wat gebeur of ondervind is. Data sal in die omskrywing dan altyd iets wees wat objektief waar en korrek is.

Hierteenoor word 'n onderskeid getref indien na data wat op 'n rekenaar voorkom verwys word. Dit blyk dat data in die geval van rekenaars omskryf word as inligting wat voorberei is vir 'n rekenaar of inligting wat op 'n rekenaar gebruik word. Data word in so 'n geval ook omskryf as hoeveelhede of karakters wat op 'n rekenaar gebruik word. Data word in hierdie verband in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies¹⁰ as synde elektroniese voorstellings van inligting in enige formaat¹¹ omskryf.

Hiervolgens wil dit voorkom asof daar 'n onderskeid getref moet word tussen data wat elektronies voorkom en data wat nie in 'n elektronies formaat voorkom nie. Myns insiens behoort hierdie onderskeid nie in die definisie van data voor te kom nie. Selfs in elektroniese formaat sal data nie noodwendig altyd inligting verteenwoordig nie, hoewel dit blyk dat die enigste data wat vir die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies relevant is, data is wat wel uit inligting bestaan. Dit wil voorkom asof die wetgewer eintlik inligting in gedagte gehad het toe data in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies omskryf is en waar daar na data verwys word. Daar word voorgestel dat die definisie in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies eintlik moet lees dat *inligting* beskryf kan word as synde elektroniese voorstellings van *data* in enige formaat.

Hierteenoor word 'n idee in die *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English*¹² omskryf as: '1. thought; picture in mind; 2. plan; scheme; design;

¹⁰ Wet 25 van 2002.

¹¹ Sien artikel 1 van Wet 25 van 2002.

¹² Hornby, 420.

purpose; 3. opinion; 4. vague belief; fancy; feeling that something is probable; 5. conception; 6. used to suggest that what has been suggested is unrealistic, outrageous; 7. way of thinking’.

‘n Idee kan dus van feite of data onderskei word, aangesien feite en data na iets verwys wat gebeur het of wat waar is of wat bekend is en waaruit gevolgtrekkings en afleidings gemaak kan word. Hierteenoor sal ‘n idee nie noodwendig die waarheid of ‘n gebeurtenis of iets wat bekend is, as inhoud hê nie. ‘n Idee is bloot ‘n gedagte of iets wat in die gedagtes opgeroep word. Dit kan dus enige opinie of geloof, gevoel of opvatting oor iets insluit, selfs al is die gedagtegang ongegrond of onwaar.

Behalwe vir die onderskeid tussen idees en data, dat data noodwendig oor die waarheid handel en idees nie daartoe beperk is nie, kan data die onderwerp of die voorwerp waaroor die idee gaan, vorm. Dit wil sê, indien ‘n persoon data sintuiglik waargeneem het kan hy of sy hulle eie subjektiewe idees oor die data vorm. Dit blyk uit hierdie kenmerk dat data feite is wat gebruik kan word om afleidings of gevolgtrekkings van te maak. Elke persoon sal nie tydens ‘n denkproses noodwendig uit dieselfde objektiewe data dieselfde subjektiewe afleidings of gevolgtrekking maak nie.

‘n Idee kan aan die ander kant ook uit ‘n plan, ‘n skema, ‘n ontwerp of ‘n oogmerk bestaan. Dit veronderstel egter dat sodanige plan, skema of ontwerp nog nie in ‘n fisiese vorm hoef te bestaan ten einde ‘n idee te wees nie. Die idee verteenwoordig nie noodwendig meer as bloot daardie gedagtes waaroor die idee handel nie.

‘Thought’ word in die *Oxford Advanced Learner’s Dictionary of Current English*¹³ onder andere as ‘(power, process of) thinking; idea, opinion, intention, formed by thinking’ omskryf. ‘n Idee ontstaan dus uit ‘n gedagte of uit ‘n proses van denke wat nie noodwendig met iets wat werklik gebeur het of wat waar of korrek is, te

¹³ Hornby, 899-900.

make het nie. 'n Idee kan egter wel oor iets wat gebeur het of wat waar en korrek is handel.

Die term *idee* word deur Copeling¹⁴ definieer as synde 'n woord wat gebruik word om enige produk van geestelike arbeid wat met die skepping van 'n literêre of artistieke werk te make het, te beskryf. Daar moet egter nie gedink word dat die woord *idee* die somtotaal van geestesarbeid wat in enige enkele werk vervat word, omvat nie. 'n Literêre of artistiese werk is gereeld die uitslag van relatief onverwante denkprosesse. Indien dit gebeur kan mens met reg na die werk verwys as synde bevattende meer as een idee. Daar is geen logiese rede om aan te neem dat die produk van die outeur se 'mind is to be found elsewhere than in the idea which inspires and eventually becomes embodied in his ultimate creation'¹⁵. Sekerlik, kan daar nie geargumenteer word dat daar enige geestesarbeid in die blote herleiding van die idee na 'n tasbare vorm is nie. Hierdie herleiding is 'n suiwer fisiese handeling. Tog, dit wat die sintuig nie kan waarneem nie, word nie en kan nie deur die reg erken word nie. 'n Idee wat dus nog in die brein van die skepper is, het geen bestaansreg in die reg nie en het dus ook geen aanspraak op regsbeskerming nie. Om anders te bevind sal slegs die weg baan vir onbeheerbare rowery. Die idee moet dus wel een of ander uitwendige waarneembaarheid verleen word. Die vorm waardeur die idee(s) sodanige waarneembaarheid verkry hoof nie van 'n fisiese aard te wees nie, maar die 'embodiment of the idea(s) must be such that it results in the communication thereof to the mind of some outside party (i.e. a party other than its creator)¹⁶.

Volgens Copeling¹⁷ kan die gedagte of die proses van denke dus as geestelike arbeid omskryf word en die produk van sodanige geestelike arbeid sal dan die idee wees. Voordat daar dus sprake van feite, data, inligting of selfs 'n idee kan

¹⁴ Copeling, 5 ev.

¹⁵ Copeling, 5 ev.

¹⁶ Ibid.

¹⁷ Ibid.

wees, vind daar 'n sekere mate van geestesarbeid plaas. Alle geestesarbeid het noodwendig betrekking op die een of ander voorwerp of onderwerp. Selfs indien 'n persoon sit en dink gaan daardie denke altyd oor 'n bepaalde voorwerp(e) of onderwerp(e)¹⁸.

'n Idee is dan enige produk van 'n persoon se geestesarbeid wat op die een of ander voorwerp of onderwerp betrekking het. Data behels feite wat bekend is of van wat gebeur het of wat gebruik kan word om afleidings of gevolgtrekkings van te maak. Data in verband met rekenaars bestaan dus uit feite wat in 'n elektroniese formaat voorkom.

Myns insiens sal inligting dan uit enige idee, of data of samestelling van idees en/of data bestaan. Inligting sal altyd uit idees en/of data bestaan en meestal sal idees of data ook uit inligting bestaan, maar daar kan wel data of idees bestaan wat nog nie inligting vorm nie.

Gewoonlik sal daar iets wees wat so 'n denkproses of geestelike arbeid aktiveer. Die sintuie neem gewoonlik eers iets waar, deur dit te sien of te hoor of te ruik of te proe of te voel, wat die denkproses of geestelike arbeid prikkel en aan die gang sit. Hierdie sintuiglike inset kan bestaan uit inligting, feite, data of idees wat van 'n bron wat buite die brein geleë is, afkomstig is. Die denkproses kan egter van hierdie sintuiglike insette wat buite die brein geleë is gebruik maak, maar is nie beperk daartoe nie. Tydens die denkproses kan daar ook gebruik gemaak word van inligting, feite, data of idees wat reeds in die geheue van die persoon beskikbaar is. Die vorming en ontstaan van nuwe feite, data, idees of inligting is gevolglik 'n deurlopende proses, waartydens daar nie noodwendig 'n beginpunt of 'n eindpunt geïdentifiseer kan word nie.

Indien die sintuiglike insette na die brein uit data of feite bestaan, sal sodanige data of feite objektiewe aspekte verteenwoordig (aspekte wat gebeur het of bekend is) en die denkproses deur die brein sal daaruit bestaan om die persoon,

¹⁸ Ibid.

wat daardie denkproses beoefen, se subjektiewe afleidings of gevolgtrekkings van sodanige data of feite, aan die feite of data te heg. Deur sodanige afleidings, gevolgtrekkings, analise of uitleg van die data of feite vorm die persoon dan inligting aangaande die feite of data. Indien die sintuiglike insette uit ander inligting of idees bestaan kan die persoon tydens die denkproses verdere idees of inligting vorm.

Inligting word in die *Oxford Advanced Learner's Dictionary of Current English*¹⁹ in ooreenstemming met hierdie sienswyse omskryf. Inligting word as 'informing or being informed; something told; news or knowledge given' omskryf. 'n Persoon gebruik dus die data, feite, idees of ander inligting om homself deur subjektiewe denke in te lig aangaande dit wat hy sintuiglik waargeneem het of reeds weet.

Piragoff²⁰ meen dat inligting en data onderskei behoort te word. Hy voer aan dat inligting nie 'n saak is nie, maar 'n proses of 'n verhouding wat tussen 'n persoon se brein en een of ander stimulasie voorkom. Terwyl data bloot 'n verteenwoordiging van inligting of van een of ander konsep is. Inligting is die ontledingsproses wat 'n waarnemer op data toepas. Verskillende inligting kan vanaf dieselfde data verkry word afhangende van hoe dit uitgelê is. Inligting kan net oorgedra word deur 'n interaksie tussen die brein en die maak van merke (soos om te skryf of te teken, ensovoorts). Spesifieke merke op papier of die stem het betekenis slegs omdat dit inligting of konsepte verteenwoordig.

Inligting en data is, volgens Piragoff²¹, nie sinonieme nie. As data vernietig of toegeëien word, is dit net die verteenwoordiging van die inligting en nie die werklike inligting, idee of kennis wat sodanig vernietig of toegeëien is nie. Die werklike inligting, idee of kennis kan nog in die skepper se brein of enigeen aan wie dit oorgedra is se brein behoue bly. Data word in artikel 342.1(2) van die

¹⁹ Hornby, 437.

²⁰ Piragoff, 210.

²¹ Ibid.

*Canadian Criminal Code*²² gedefinieer as 'representations of information or of concepts that are being prepared or have been prepared in a form suitable for use in a computer system' en nie as inligting *per se* nie²³. Soos in die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies behoort die omskrywing eerder te lees dat inligting gedefinieer kan word as voorstellings van data of van konsepte.

In *Autodesk Australia Pty Ltd v Dyason*²⁴ word inligting omskryf as: 'an instruction or a set of instructions are comprehended as constituting information' en onder 'an instruction' word verstaan 'an expression in a program or routine, or a sequence of characters in a machine language, which specifies in operation (especially in basis operation) and frequency also of one or more operands, and results in its performance by the computer'. Verder word 'an instruction' beskryf as 'a number or symbol which causes a computer to perform some specified action'.

Inligting word deur Mowat²⁵ as 'n voorstellingsentiteit eerder as 'n fisiese entiteit beskryf. Die waarde van inligting lê gewoonlik in die aard, inhoud en potensiele gebruik daarvan, eerder as in die fisiese formaat waarin dit uiteindelik vervaardig is. Die woorde *inligting* en *data* word dikwels afwisselend in die daaglikse spreektaal gebruik, hoewel daar belangrike verskille tussen die twee begrippe bestaan. Volgens Mowat het inligting die vermoë om die vlak van onsekerheid aangaande iets te verander, wat dit onderskei van regstreekse opgetekende data, wat verdere analise en uitleg vereis voordat dit as *inligting* geag kan word. Dit word algemeen geglo dat inligting *per se* 'n waardevolle kommoditeit is. Hoewel inligting onteenseglik waarde het, in terme van die kommersiële onkoste in die vervaardiging, optekening, oorsending en berging van die voltooid

²² R.S.C. 1985, c. C – 46, artikel 342.1(2).

²³ Sien ook Sookman, 8-31.

²⁴ (1989) 15 I.P.R. 1 (Aus. Fed. Ct.) reversed (1990) A.I.P.C. 36, 446 (Aus. Fed. Ct. FC).

²⁵ Mowat, 8.

produk, lê die werklike waarde van inligting in die intellektuele insette wat tot die skepping daarvan in die eerste plek gelei het²⁶.

DP van der Merwe²⁷ verwys na inligting as 'the key to power and wealth under the present dispensation'. DP van der Merwe²⁸ verwys verder na die *Concise Oxford Dictionary* se omskrywing van inligting wat lees 'knowledge, (desired) items of knowledge, news' en toon aan dat indien dit saam met die definisie van 'knowledge'²⁹ gelees word, dan blyk dit dat inligting gesentreer is om 'n bepaalde persoon se 'spectrum of knowledge (range of knowledge), but to go further than that by including desired items of knowledge'. Inligting impliseer dus volgens DP van der Merwe 'a potential marketability'. Hoewel inligting 'n vryvloeiende kommoditeit behoort te wees waartoe elkeen 'n reg behoort te hê, verdien inligting wat 'into a private individual's range of knowledge' gebring is beskerming, want dit is in sodanige omstandighede 'a marketable good'.

Dit wil voorkom dat die inligting wat 'n persoon verkry het, terwyl hy of sy deur die denkproses gegaan het, nou as kennis wat hy of sy opgedoen het bestempel kan word. 'n Persoon kan egter ook kennis deur ondervinding opdoen. Dit sal die geval wees indien hy of sy 'n sekere feitlike gebeurtenis beleef het en daardeur inligting aangaande sodanige gebeurtenis verkry het. Sodanige inligting sal nou deel van sy of haar kennis vorm. Kennis kan sodoende uit objektiewe kennis bestaan wat ook deur data verteenwoordig kan word en uit subjektiewe kennis bestaan wat deur idees en inligting verteenwoordig kan word.

Wysheid word deur DP van der Merwe³⁰ omskryf as '(possession of) experience and knowledge together with the power of applying them critically or practically,

²⁶ Mowat, 8.

²⁷ Van der Merwe DP (2), 31.

²⁸ Van der Merwe DP (1), 137.

²⁹ 'Knowledge' word volgens Van der Merwe DP (1), xix, omskryf as 'knowing, familiarity gained by experience; person's range of information'.

³⁰ Van der Merwe DP (1), xix.

sagacity, prudence, common sense'. Wysheid kan dus volg nadat 'n persoon kennis verkry het en in staat is om hierdie kennis toe te pas en krities te beoordeel. Van 'n idee of van data word inligting verkry deur 'n persoon se denkproses, welke inligting deel word van 'n persoon se kennis indien sodanige inligting deur die persoon begeer word. Indien die persoon voldoende kennis verkry het om hom of haar in staat te stel om hierdie kennis krities te beoordeel of om dit toe te pas kan gesê word dat hy of sy wysheid verkry het aangaande die onderwerp of voorwerp waarvoor vermeldde inligting handel.

Die reg erken egter nie noodwendig enige idee, data of inligting wat steeds slegs binne die skepper se verstand of gedagtes bestaan nie. Vir 'n idee, data of inligting om deur die reg erken te word moet dit eers op een of ander wyse sintuiglik waarneembaar wees of ten minste die potensiaal hê om sintuiglik waarneembaar te wees³¹. Dit wil sê dit moet op die een of ander wyse buite die persoon se verstand of gedagtes sintuiglik waarneembaar wees. Hierdie uitwendige uitdrukking van die idee, data of inligting hoef nie in 'n fisiese of tasbare vorm gestalte te verkry nie. Die inhoud van die idee, data of inligting moet wel op die een of ander wyse na buite gekommunikeer word, selfs al is dit net na die verstand van 'n ander persoon.

Die beslissing van regter Marais in *Northern Office Micro Computers v Rosenstein*³² kan as voorbeeld dien. Die vraag waaroor die hof in hierdie saak moes beslis was of daar outeursreg in 'n rekenaarprogram kan bestaan en indien daar wel outeursreg in 'n rekenaarprogram is, of 'n werkgewer sy vorige werknemer wat sodanige rekenaarprogram ontwikkel het kan verhoed om dit te kopieer of aan ander te openbaar. Die respondent het onder andere aangevoer dat die applikante net poog om hom onregverdiglik daarvan te weerhou om sy kennis en bekwaamhede, wat hy regmatig tydens sy studies en sy werksondervinding opgedoen het, te gebruik.

³¹ Sien ook Geldenhuys (1), 56-57.

³² 1981 (4) SA 123 (C).

Die hof het op verskeie stadiums tydens die verhoor na die aard van rekenaarprogramme verwys. Daar sal van hierdie verwysings gebruik gemaak word om die omskrywings van idees, data, inligting en kennis beter te verduidelik.

Regter Marais merk in *Northern Office Micro Computers v Rosenstein*³³ op dat 'n rekenaarprogram 'which does no more than produce the multiplication tables, or the alphabet, cannot lay claim to copyright protection', maar hy gaan voort en meld³⁴ dat 'n rekenaarprogram 'which provides a general medical practitioner with the trade names of all drugs and medicines appropriate for the treatment of particular complaints will qualify for copyright protection because the compilation of such a programme will require the expenditure of considerable effort and perhaps skill'.

Regter Marais verwys dan na die spesifieke rekenaarprogramme in die onderhawige saak en meld³⁵ dat hy weet dat die program 'cater for the needs of doctors and dentists in relation to their financial and administrative affairs' en dat hy ingelig is dat 'the research and development necessary to produce a suite of programmes like this would take months'. Volgens hom volg dit dan 'that the production of this suite of programmes entails the expenditure of efforts and some degree of skill'. Regter Marais bevind dat die 'suite of programmes' wel op outeursreg-beskerming geregtig is³⁶.

Volgens die feite in vermelde saak³⁷ is die respondent gekwalifiseer in 'n bepaalde tegnologie, genaamd rekenaarprogrammering. Die respondent het 'n rekenartaal wat die 'lingua franca of the Datapac computers' is, aangeleer. Die

³³ Ibid, 132 F.

³⁴ Ibid, 132 G.

³⁵ Ibid, 134 F.

³⁶ Ibid.

³⁷ Sien *Northern Office Micro Computers v Rosenstein* 1981 (4) SA 123 (C) 136 F.

doelwit van die programme wat die respondent moes ontwikkel was om 'a speedy, accurate and comprehensive source of information' daar te stel, wat met die dokters en tandartse se administratiewe en finansiële aangeleenthede te make het.

Uit hierdie beskrywings kan die volgende argumente voortvloei. Dit wil voorkom asof die ontwikkeling van 'n rekenaarprogram te make het met 'n persoon se kennis wat hy of sy deur studie en vorige ondervinding opgedoen het. Dit verg 'n persoon wat bekwaam is in die bepaalde rekenartaal waarin die program geskryf word. Die skryf van die program verg dan moeite en inspanning om die funksies op so 'n wyse in rekenartaal om te sit, dat dit deur 'n rekenaar verstaan en uitgevoer kan word. Ten einde so 'n program te ontwikkel sal 'n persoon eerstens 'n idee moet ontvang, of uit eie denkprosesse of as gevolg van 'n bepaalde versoek of opdrag. Die idee sal gewoonlik bestaan uit 'n bepaalde doelwit wat bereik wil word, dit wil sê wat moet die program *doen* nadat dit ontwikkel is. Ten einde hierdie doelwit te bereik sal die persoon van algemene kennis, wat vrylik in sy beroepsveld beskikbaar is gebruik maak. Hierdie algemene kennis sal bestaan uit die taal wat gebruik word en waarin die program geskryf word. Verder sal die persoon van data gebruik maak wat sal bestaan uit sekere korrekte formules en rekenkundige metodes. Hoewel van hierdie data reeds deel van die persoon se kennis sal vorm, sal dit nie noodwendig kennis of inligting wees wat deel van sy verwysingsraamwerk vorm nie. Ten einde 'n bepaalde nuwe program te skryf sal 'n persoon seker ook van verdere idees, data en selfs inligting gebruik moet maak, wat nie reeds deel van sy verwysingsraamwerk vorm nie, om hierdie nuwe funksies in die program in te kan skryf. Die uiteindelijke program sal sodoende uit 'n samestelling van idees, data, inligting en kennis bestaan. Vir 'n ander persoon om dieselfde program te skep, sal hy of sy deur dieselfde moeitevolle proses moet gaan. Hierdie ander persoon sal egter nie noodwendig dieselfde subjektiewe gevolgtrekking van die beskikbare data, idees of inligting maak as wat die oorspronklike persoon gemaak het nie.

Dit wil verder voorkom dat so 'n rekenaarprogram spesifiek geskryf word om dan die invoering van data in 'n rekenaar te fasiliteer. Die spesifieke dokters of tandartse wat die program gebruik sal gevolglik objektiewe korrekte data vanuit die rekenaar kan onttrek aangaande hulle kliënte, bepaalde medisyne of finansiële aspekte van hulle praktyk. Hierdie data kan dan weer deur hulle gebruik word om sekere objektiewe of selfs subjektiewe gevolgtrekking of afleidings van te maak wat aan hulle inligting aangaande sodanige aspekte sal verskaf.

2.3 INLIGTING AS DIE FOKUS VAN SPIOENE

Die fokuspunt van 'n industriële of ekonomiese spioen is deurentyd inligting. Die tipe inligting waarop gefokus word, is onbeperk en kan persoonlike inligting, handelsinligting, tegnologiese inligting, regeringsinligting, ensovoorts insluit.

Postma³⁸ bevestig dat die geweldige vooruitgang in tegnologie besig is om die wyse waarop besigheid bedryf word radikaal te verander. Daar is geraam dat goedere en dienste ter waarde van nagenoeg \$ 2-3 biljoen oor die Internet in 1996 verkoop is. Dit is verwag dat die bedrag in 2001 sou styg na \$200-300 biljoen per jaar. 'n Opname deur die *American Society for Industrial Security (ASIS)* het aangetoon dat 'n toename van 323% in ekonomiese spioenasie tussen 1992 en 1996 voorgekom het³⁹.

2.3.1 VOORKOMS VAN INLIGTING IN DIE BESIGHEIDSWÊRELD

Schweitzer⁴⁰ bespreek die voorkoms van inligting in die besigheidswêreld en verwys na verskeie verskyningsvorme van inligting wat belangrike tegnologiese beleggings verteenwoordig. Eerstens is daar inligting wat deur

³⁸ Postma, 303.

³⁹ Sien Hefferman en Swartwood, 4 en Carr et al, 161.

⁴⁰ Schweitzer JA, 26-28.

navorsingsaktiwiteite voortgebring word, wat nie onmiddellik of direk aan die produk of operasionele vereistes verwant mag wees nie, maar wat die basis van 'n toekomstige oorname kan vorm. Tweedens is daar inligting aangaande besigheidsbedryfsmetodes, rekenaarprosesse, vervaardigingstegnieke, markstrategieë en ander toepassings wat potensieel besigheidsvoorsprong kan verseker. 'n Derde tipe inligting is dié oor spesifieke prosesse of beheer, soos rekenaarprogramme wat 'n robot beheer, rekenaar ondersteunende ontwerp, vervaardigingsagteware en mark-analitiese sagteware. Vierdens, is daar ook inligting aangaande deurlopende besigheidsbesluite en die agtergrond tot sodanige besluite gebaseer op sodanige inligting. Enige bepaalde deel van besigheidsinligting kan aansienlike waarde hê.

Schweitzer onderskei tussen drie tipes besigheidsinligting. Eerstens, ontwikkelingsinligting (wat insluit projeksies aangaande markte, produkte, finansiële bestuur en besigheidstrategieë) en die opbrengs van navorsingsaktiwiteite (wat insluit suiwer navorsingskonsepte, tegnologiese toepassings en navorsing laboratorium notaboeke, uitslae en voorstelle).

Tweedens, dinamiese inligting wat insluit alle data⁴¹ voortgebring tydens die bestuur van voortdurende bedrywighede. Dit sluit ook data in soos produksie opbrengs-vlakke, kwaliteit beheer moniteringsdata, huidige verkope, huidige ontvangste, voorraadvlakke, rou materiaal-vlakke, ingenieursveranderinge wat beplan word, prys en prysaanpassings en nie-aangekondigde organisasie veranderinge wat in die pyplyn is.

Historiese inligting is die derde tipe inligting en sluit rekords van besigheidsbedrywighede van die verlede in soos betalings, data-eienskappe, besigheidsresultate (winste en verliese), personeelrekords, alle rekords wat

⁴¹ Dit blyk dat Schweitzer hier wel bedoel om die begrip *data* te gebruik, aangesien hy na die rou feite verwys wat deur 'n besigheid ingesamel word soos wat die gebeure waarmee die data verband hou plaasvind, soos byvoorbeeld 'n rekord van aankope of 'n rekord van kliënte. Uit hierdie data kan afleidings of gevolgtrekkings gemaak word of dit kan ontleed word, wat die besigheid met waardevolle inligting kan laat.

ooreenkomstig wetsbepalings bygehou moet word en 'computer-system recovery files'. Hierdie lysie dien slegs as voorbeelde en is nie volledig nie.

Drie vorme van inligting, te wete verstandelike, geskrewe en elektroniese inligting is, volgens Schweitzer⁴², ook belangrik as dit kom by besluitneming oor inligtingsbestuur en inligtingsekuriteit. Verstandelike inligting word in die menslike brein gedra. Tradisie is 'n voorbeeld van verstandelike inligting van die historiese tipe. In die verlede was verstandelike inligting die enigste bron van kennis oor hoe om goed te doen en dit bly steeds 'n belangrike databron en dien ook as 'n waardevolle stoorplek van waardevolle besigheidsdata. Oorweeg net hoe gereeld 'n besigheid 'n premium sal betaal om 'n bestuurder, wat sekere bevoegdhede gebaseer op verstandelike inligting het, te lok en in diens te neem. Besighede wat hul inligtingsbronne wil bestuur moet die verstandelike gestoorde inligting wat werkers in hul geheue met hulle saamdra in ag neem.

Volgens Schweitzer⁴³ omvat geskrewe inligting alle boeke, dokumente en papier wat oor die hele besigheidswêreld gebruik word. Die grootste storing van inligting vind in geskrewe vorm plaas, hoewel die elektroniese vorm van storing besig is om vinnig in te haal. Daar word gesê dat meer boeke nou elke jaar tydens die inligtingsera geskryf word as ooit tevore. Geskrewe inligting verleen dit nie tot effektiewe herwinning en opsporing van verlangde inligting nie. Aangesien papier met tyd verouder en selfs vergaan is die storing van inligting op papier nie 'n permanente medium nie. Hierteenoor word elektroniese inligting nou die standaard vir tyd sensitiewe besigheidsdata. Dit is beduidend vry van die tydgebondenheid en spasiegebondenheid wat met inligting in geskrewe vorm geassosieer word. Verstandelike inligting het weer beperkings in herinnering en beweeglikheid wat weereens die elektroniese vorm bevoordeel. Dit blyk dat binne 'n paar jaar alle inligting, behalwe private verstandelike inligting, die een of ander tyd in elektroniese vorm sal voorkom. Hoewel publikasies nog in geskrewe

⁴² Schweizer JA, 26-28.

⁴³ Ibid.

vorm gestoor word, word meeste publikasies in elektroniese vorm voorberei. Die koste van elektroniese storting neem aansienlik af en in die afsienbare toekoms sal dit goedkoper wees om inligting te stoor en uit 'n biblioteek van boeke op te roep deur van laserdiskette gebruik te maak as van die tradisionele metode om boeke uit te neem⁴⁴.

2.3.2 WYSES WAAROP INDUSTRIËLE SPIOENASIE PLAASVIND

Etlke voorbeelde van industriële spioenasie tussen internasionale besighede onderling, deur werknemers van besighede en tussen besighede en regeringsagentskappe word aangetref⁴⁵, hoewel slegs na enkele voorbeelde verwys sal word.

William Gaede, 'n sagteware-ingeneur het, terwyl hy as 'n Intel subkontraakteur gewerk het, groot hoeveelhede data oor die Pentium mikro-prosesseerder na sy huisrekenaar afgelaai. Hy het die data van sy rekenaarskerm op video vasgelê en wou hierdie videokassette aan mededingers van die Intel Korporasie of aan buitelandse regerings verkoop. Die waarde van die industriële geheime aangaande rekenaars wat hy so gesteel het, het tussen \$10 en 20 miljoen beloop. Hy het skuldig gepleit op federale aanklagte van 'mail fraud and interstate transportation of stolen information'⁴⁶.

Afrokkeling van 'n besigheid se topbestuur deur 'n mededingende besigheid ten einde eersgenoemde se geheime te bekom, het tussen *Volkswagen* en *General Motors* voorgekom. In 1993 het 'n senior bestuurder en sewe ander bestuurders van *General Motors* oorgeloop na *Volkswagen*. *General Motors* het beweer dat die betrokke senior bestuurder planne van 'n hoogsontwikkelde monteringsaanleg met die kodenaam 'Plant X' saamgeneem het en dat *Volkswagen* hierdie planne gebruik het om later 'Plant B' te loots. Na bewering

⁴⁴ Schweitzer JA, 28.

⁴⁵ Fischer, 245.

⁴⁶ Power, 166-173; sien ook Hoofstuk 4 vir 'n meer volledige bespreking van hierdie misdrywe.

het die senior bestuurder 'n lys saamgeneem, welke lys 4 000 bladsye beslaan het en die name van verskaffers wat sowat 100 000 onderdele aan *General Motors* verskaf het bevat. Die lys het ook koste-inligtingsplanne van 'n nuwe Opel voertuig en wesenlike aankope-inligting bevat. Hierdie aksie wat deur *General Motors* ingestel is, is in Januarie 1997 met *Volkswagen* buite die hof geskik. *Volkswagen* het ooreengekom om \$100 miljoen aan *General Motors* te betaal en om parte ter waarde van ten minste \$1 biljoen van *General Motors* aan te koop⁴⁷.

Die *Maytag*-aangeleentheid is 'n tipiese voorbeeld waar industriële spioenasie op 'n slinkse wyse, hoewel nie noodwendig 'n strafbare wyse nie, plaasgevind het. Laat in 1993 het *Maytag*, 'n vervaardiger van toebehore in Newtown, Iowa aangekondig dat hulle van voorneme is om 'n meer energie-effektiewe en omgewingsvriendelike wasmasjien bekend as 'n 'front loader' of 'horizontal axis' te ontwikkel. Hulle het geen besonderhede oor hoe hierdie wasmasjien gaan funksioneer bekend gemaak nie. *Maytag* het miljoene dollars uitgegee op die ontwikkeling, vervaardiging en bemaking van hierdie nuwe wasmasjiene, maar het ook ywerig hulle belegging in hierdie tegnologie probeer beskerm. Al hulle pogings het nie die mededingers van *Maytag* verhoed om mededingende intelligensie ('n eufemisme vir industriële spioenasie) te gebruik om meer inligting aangaande die wasmasjiene te bekom nie⁴⁸.

Maytag is oorval deur spioene wat verskeie metodes gebruik het om meer inligting oor die wasmasjiene te bekom. Spioene wat hulle as sogenaamde kollege studente voorgedoen het, het byvoorbeeld *Maytag* geskakel vir inligting oor die nuwe wasmasjiene, ten einde hulle 'term papers' te kan skryf. Een van *Maytag* se bemarkingsbestuurders het selfs 'n telefoonoproep van 'n spioen ontvang, wat beweer het dat hy een van die werknemers van *Maytag* se ander eenhede is en het die name van die persone wat in *Maytag* se 'front loader' afdeling werk probeer bekom⁴⁹.

⁴⁷ Hull, 9-10.

⁴⁸ Sien Stone, 53.

⁴⁹ Sien ook Tucker, 245.

In Mei 2000 is David Hawkins, 'n voormalige werknemer van *Cisco Systems* daaraan skuldig bevind dat hy inligting ter waarde van biljoene dollars van die maatskappy gesteel het⁵⁰. Hy het die bronkode van 'n *Cisco* produk genaamd *Private Internet Exchange (PIX)* geneem voordat hy die firma in Augustus 1996 verlaat het. Hawkins het vir net meer as 'n week vir *Translation Network, Inc. (TNI)* gewerk toe *TNI* deur *Cisco* aangekoop is. Hierna het Hawkins vir ongeveer nege maande by *Cisco* aangebly voordat hy sy eie besigheid begin het. In May 1997, tydens 'n groot industriële handelskou, het Hawkins 'n produk in mededinging met die *PIX* bekendgestel, wat hy *Aegis* genoem het. Een van die persone wat sy uitstalling besoek het was John Mays, die stigter van *TNI*, wat die ongewone ooreenkomste tussen *Aegis* en die sagteware van *Cisco* opgemerk het. *Cisco* het beraam dat die produk \$2 biljoen werd was. Nadat 'n ondersoek ingestel is, is die huis van waar Hawkins sy besigheid bedryf het deursoek. Twee weergawes van die oorspronklike *PIX* bronkode is op die hardeskywe van twee rekenaars in Hawkins se kantoor gevind⁵¹.

2.3.3 ONDERSKEID TUSSEN EKONOMIESE- EN INDUSTRIËLE SPIOENASIE

Die onderskeid tussen ekonomiese spioenasie en industriële spioenasie behoort in gedagte gehou te word, aangesien die vervolgbaarheid van die onderskeie rolspelers, asook die onderskeie lande se jurisdiksie om die onderskeie rolspelers te vervolg, in gedrang kom. Hierdie studie sal hoofsaaklik handel oor die vervolgbaarheid van persone wat hulself aan handeling wat onder die omskrywing van industriële spioenasie val, skuldig maak en dus binne die jurisdiksie van 'n Suid-Afrikaanse hof gebring kan word.

Terwyl industriële spioenasie tussen besighede plaasvind en te make het met die gebruik van onwettige tegnieke om inligting, soos handelsgeheime, in te samel,

⁵⁰ Power, 168.

⁵¹ Ibid.

is ekonomiese spioenasie die insameling van ekonomiese inligting deur een land aangaande 'n ander land. Ekonomiese spioenasie sal ook die insameling van inligting deur een land van 'n besigheid, wat in 'n ander land geleë is, se besigheidsinligting insluit⁵².

Ekonomiese spioene spits hulself op inligting in die veld van biotegnologie, lugvaart, ruimtevaart, telekommunikasie, bekledings wat vliegtuie onsigbaar laat vertoon, energie-navorsing, verdediging- en wapentegnologie en tegnologie wat aangewend word om 'n nasionale inligtingsinfrastruktuur te ontwikkel, toe⁵³.

Hierteenoor is die aard van die inligting waarop industriële spioene hulself toespits uiteenlopend en is tot 'n sekere mate industrie-spesifiek⁵⁴. Tipies sal die tipes inligting waarop industriële spioene hulself toespits te doen hê met onder andere prysvasstelling praktyke, beleggingstrategieë, kontrakbesonderhede, verskafferslyste, beplanningsdokumente, maatskappyhandleidings, laboratorium teelt, tegniese sketse, rekenaardatabasisse en navorsingsdata⁵⁵.

Eells en Nehemkis⁵⁶ onderskei in hierdie verband tussen regeringsintelligensie en korporatiewe intelligensie. Volgens hulle het regeringsintelligensie as sy

⁵² Tucker, 246; Schweitzer P, 9 en sien ook Sepura, 128 wat na ekonomiese spioenasie verwys as die 'outright theft of private information'. Dit blyk egter dat Sepura eerder industriële spioenasie in gedagte gehad het.

Die *Canadian Security Intelligence Service (CSIS)* omskryf ekonomiese spioenasie as die 'illegal, clandestine, coercive or deceptive activity engaged in or facilitated by a foreign government designed to gain unauthorized access to economic intelligence, such as property information or technology, for economic advantage'

en gaan verder om 'economic intelligence' te definieer as:

'policy or commercially relevant economic information, including technological data, financial, proprietary commercial and government information, the acquisition of which by foreign interests could, either directly or indirectly, assist the relative productivity or competitive position of the economy of the collecting organization's country'. Sien ook Wright en Roy, 53.

⁵³ Gertz, A6.

⁵⁴ Davis en Hutchison, 117.

⁵⁵ Ibid.

⁵⁶ Eells en Nehemkis, Preface xi.

primêre teiken die verkryging van die ‘*state secrets* of another nation-state as well as economic and social data about it (usually, but not always, an adversary nation-state), as well as safeguarding its own national secrets’⁵⁷. Hierteenoor het korporatiewe intelligensie, volgens Eells en Nehemkis, ‘n meer enge fokus en is die primêre teiken ‘economic and social data about its markets and environments, and acquiring - legitimately or illegitimately - the *trade secrets* of a competitor: all needed to improve its decision-making capabilities’⁵⁸. Hulle⁵⁹ kom egter tot die gevolgtrekking dat beide regerings en korporatiewe intelligensie en spioenasie met *handelsgeheime* te make het, want korporatiewe tegnologiese ontwikkeling kan ‘n mededinger se ekonomie en sodoende ook sy militêre vermoëns beïnvloed. Handelsgeheime sal derhalwe ‘n integrale deel van hierdie studie vorm.

2.3.4 METODEDES EN REDES VIR EKONOMIESE- EN INDUSTRIËLE SPIOENASIE

Die metodes wat gebruik word vir ekonomiese en industriële spioenasie sal die volgende insluit: afluistering, binnedring van rekenaarnetwerke, diefstal van rekenaardiskette, gebruik van die dienste van prostitute vir afpersing, huur of omkoperij van mededingers se werknemers wat oor geheime inligting of spesifieke kennis beskik en die plant van ‘n agent of ‘n mol in ‘n mededingende maatskappy⁶⁰, maar ook misleiding, infiltrasie, inbraak, afluistering van telefone, fakslyne en dataversendings, sowel as diefstal van tafelbladrekenaars en skootrekenaars⁶¹.

Die invloed van rekenaartegnologie het die wyses en metodes wat vir die diefstal en oordrag van handelsgeheim-inligting beskikbaar is, vergroot. Moderne

⁵⁷ Ibid.

⁵⁸ Ibid.

⁵⁹ Ibid.

⁶⁰ Witkow, 455-456, 462- 463.

⁶¹ Tucker, 247.

kommunikasie-verbindings, kommersieel ondernemende aktiwiteite en die plasing en toeganklikheid van korporatiewe data op kantoorwerkstasies en persoonlike rekenaars by die huis het die dieftige kopiëring en oordrag van waardevolle handelsgeheim-inligting baie vergemaklik⁶².

Carr, Morton en Furniss⁶³ vermeld etlike redes vir die toename in ekonomiese spioenasie en die diefstal van handelsgeheime die afgelope jare. Hierdie redes sluit byvoorbeeld die volgende in: die einde van die koue oorlog; die toenemende toegang tot en gebruik van rekenaars en die Internet; die winsgewendheid en gewoonlik die lae risiko dat 'n vervolging ingestel sal volg; die tekort aan maatskappy hulpbronne om sodanige onwettige aktiwiteite te ondersoek en op te volg; die traagheid om diefstalle by die owerheid aan te meld, asook onvoldoende wetgewing vir die bekamping daarvan.

Volgens Stuart⁶⁴ was vele *FBI* agente en ander lande se intelligensie agentskappe, wat voor die val van die Sowjet-Unie met teen-intelligensie bedrywighede besig was, na die val van die Sowjet-Unie sonder opdragte en beskikbaar vir toewysing aan ander take. Verskeie van hierdie agente het die taak van ekonomiese spioenasie opgeneem.

Die styging in die gevalle van industriële spioenasie kan, volgens Cross, in die algemeen aan twee gevolge van moderne tegnologie toegeskryf word. Eerstens het industrieë al hoe meer van tegnologie afhanklik geword en daarby ingesluit, het die inligting wat nodig is om sodanige tegnologie te bou, te bestuur en in stand te hou al hoe meer waardevol geword. Indien 'n besigheid oor die vermoë beskik om sy lewensvatbare inligting te beskerm, kan dit 'n aansienlike voordeel bo sy mededingers in die bepaalde industrie handhaaf. Aangesien 'n besigheid

⁶² Nasheri en O'Hearn, 521.

⁶³ Carr et al, 163-164.

⁶⁴ Stuart, 374.

oor hierdie mededingende voordeel - die geheime inligting - beskik, sal hy toenemend die teiken van industriële spioenasie word.

Die tweede gevolg van moderne tegnologie is dat dieselfde tegnologie terselfdertyd ook die taak van die industriële spioen vergemaklik. Met die verdere ontwikkeling in rekenaartegnologie en telekommunikasiestelsels is daar nou 'n goudpot van inligting, binne sekondes, aan enigeen se vingerpunte. Die teenkant hiervan is egter dat presies hierdie ontwikkeling net sulke gulde geleenthede aan die geslepe industriële spioen verskat⁶⁵.

Indien spioenasie beskou kan word as die tweede oudste professie⁶⁶ is industriële spioenasie met sy lang geskiedenis sekerlik nie ver agter nie. Statistiek oor industriële spioenasie is egter moeilik bekombaar⁶⁷, want indien 'n industriële spioen sy werk behoorlik gedoen het, veral waar inligting deur afluisterapparate of moniteringstoestelle bekom is en niks fisies weggenem is nie, sal die slagoffer baie selde besef dat hy enigiets verloor het of wat hy werklik verloor het⁶⁸.

2.4 AARD VAN INLIGTING

Inligting is uit die aard daarvan onliggaamlik, maar kan wel in 'n liggaamlike item vervat word, soos die geskrewe woord op 'n stuk papier. Die waarde van die inligting wat in die liggaamlike item vervat is, is nie afhanklik of verwant aan die liggaamlike item nie. So kan miljoene rande se inligting op 'n disket, waarvan die waarde 'n paar rand is, vervat word.

⁶⁵ Cross (2), 264.

⁶⁶ Knightley P, *The Second Oldest Profession: The Spy as Patriot, Bureaucrat, Fantasist and Whore* (1987) aangehaal in Hull, 9.

⁶⁷ Volgens Fischer, 244 het die Direkteur van die *Federal Bureau of Investigations*, Louis J Freeh, in 1996 geskat dat die jaarlikse verlies aan 'proprietary information' wat deur private maatskappye en die Amerikaanse regering gely word nagenoeg \$ 24 biljoen oorskry.

⁶⁸ Hull, 9.

Hierdie studie is geïnteresseerd in die aard van die inligting as sulks en nie in die liggaamlike vorm waarin dit herlei kan word nie. Geldenhuys⁶⁹ kom na 'n studie van die eienskappe van inligting tot die gevolgtrekking dat daar geen algemeen aanvaarde omskrywing van die begrip inligting bestaan nie. Sy navorsingsbevindinge dui daarop dat daar konsepsuele chaos onder sogenaamde inligtingkundiges bestaan sover dit die betekenisinhoud van die begrip inligting betref.

Geldenhuys⁷⁰ waag egter wel 'n omskrywing van inligting na aanleiding van sekere eienskappe wat hy geïdentifiseer het⁷¹. Geldenhuys omskryf inligting as:

'enige voorstelling van feite betreffende enige onderwerp of voorwerp, welke voorstelling

- (i) sintuiglik waarneembaar is of in sintuiglik waarneembare vorm omskep kan word;
- (ii) 'n onstoflike en afsonderlike bestaan voer, verwydend van dit waarop die feite wat dit voorstel, betrekking het;
- (iii) oor die potensiaal beskik om 'n persoon, wat dit sintuiglik waarneem, op die hoogte te stel van die feite wat daardeur voorgestel word, selfs al sou dit waarop die feite betrekking het, glad nie, of nie op daardie oomblik, vir sodanige persoon sintuiglik waarneembaar wees nie;
- (iv) oor die potensiaal beskik om 'n onbeperkte aantal kere gedupliseer te word, hetsy deur dieselfde voorstelling te kopieer of deur ander voorstellings van dieselfde feite saam te stel, en deur middel van die verskaffing van sodanige voorstellings aan een of

⁶⁹ Geldenhuys (1), 531.

⁷⁰ Geldenhuys (1), 51- 59.

⁷¹ Sien die bespreking wat volg aangaande hierdie eienskappe.

- meer persone, dit vir sodanige persone moontlik te maak om op hoogte te kom van die feite wat daardeur voorgestel word, sonder dat die persoon wat dit verskaf, deur die verskaffing daarvan van enige kennis aangaande die feite wat deur sodanige voorstelling voorgestel word, afstand doen; en
- (v) in die geval van 'n geestesvoorstelling, nie van 'n persoon weggeneem kan word sonder 'n ernstige inbreukmaking op die liggaamlike of geestelike integriteit van die persoon wat sodanige voorstelling gevorm het nie'.

Volgens Geldenhuys⁷² moet inligting altyd op die een of ander voorwerp of onderwerp betrekking hê⁷³. Dit wat 'n persoon waarneem word volgens Plato in die siel van die mens vasgelê, waardeur die mens dan kennis verwerf aangaande dit wat waargeneem is. Inligting kan nie net betrekking hê op die een of ander fisiese waarneembare vorm nie, maar ook op onliggaamlike dinge soos idees, gedagtes, menings, oogmerke, ensovoorts. Net so is inligting onderskeibaar van dit waaroor die inligting handel. Inligting is dus nie dieselfde as die voorwerp of onderwerp waarop dit betrekking het nie.

Indien 'n persoon inligting oor 'n bepaalde voorwerp verkry, verkry die persoon nie die betrokke voorwerp self ook nie. Inligting voer dus 'n onstofflike bestaan afgesonderd van dit waaroor dit handel⁷⁴. Daar word egter gevind dat inligting eng verbonde kan wees aan die liggaamlike saak waarop dit betrekking het, vanweë die sintuiglik waarneembare aard van die liggaamlike saak. Indien 'n saak sy sintuiglik waarneembaarheid ontnem word, sal die saak immers ook vernietig word. In die geval van liggaamlike sake kan die saak dan self dien as

⁷² Geldenhuys (1), 52.

⁷³ Geldenhuys omskryf die eienskap van inligting as die *saakgebondenheid* van inligting.

⁷⁴ Hierdie eienskap van inligting omskryf Geldenhuys as die *onafhanklike bestaanseienskap* van inligting.

inisieerders of bronne van inligting betreffende daardie aspekte van die sake wat deur die sintuiglike waarneming van die sake self verkry kan word.

Die saak self moet egter nie as inligting beskou word nie. Liggaamlike sake, vanweë hul sintuiglike waarneembaarheid, kan dus oor die vermoë beskik om inligting betreffende daardie aspekte van hulself wat sintuiglik waargeneem kan word, by die persoon wat hul sintuiglik waarneem, te wek. Hierdie *inligting* waarvan daar in sulke gevalle sprake is, is die inligting wat byvoorbeeld in die gedagtes van die waarnemer opgeneem word of die wat op die film van 'n kamera vasgelê word en nie die saak self nie.

Hierdie enge verbintenis wat deurentyd tussen die inligting en sodanige voorwerp of onderwerp bestaan, synde dat die inligting op die betrokke onderwerp(e) of voorwerp(e) betrekking het, verskaf aan inligting die besondere hoë nuttigheidswaarde waaroor dit beskik. Dit stel mense eerstens in staat om kennis aangaande die onderwerp of voorwerp waaroor die inligting handel, te bekom, sonder dat dit vir hulle nodig is om die betrokke onderwerp of voorwerp self sintuiglik waar te neem. Tweedens stel dit mense in staat om feite of kennis aangaande onderwerpe wat nie sintuiglik waarneembaar is nie, te bekom. Mense verwerf sodanige feite of kennis bloot deur inligting aangaande die onderwerpe of voorwerpe te bekom. Daar kan dus gesê word dat die inligting in die plek van die onderwerp(e) of voorwerp(e) waaroor dit handel, kan staan en ook as bron van die feite betreffende die onderwerp(e) of voorwerp(e) waarop dit betrekking het, kan dien. Inligting kan hierdie rol vervul, want dit bestaan uit 'n voorstelling van die een of ander aspek van die voorwerp(e) of onderwerp(e) waaroor dit handel⁷⁵.

Liggaamlike sake word as sulks geklassifiseer vanweë die feit dat sulke sake sintuiglik waarneembaar is. Hierdie inherente eienskap van elke liggaamlike saak bring mee dat sulke sake as bron van inligting aangaande hulself dien. Mense

⁷⁵ Volgens Geldenhuys kan hierdie eienskap van inligting ten beste omskryf word as die *voorstellende aard* van inligting; sien Geldenhuys (1), 53-54.

kan immers 'n geestesvoorstelling van 'n saak vorm deur die saak self sintuiglik waar te neem en kan sodoende inligting aangaande die saak bekom. Hoewel die volledigste bron van inligting betreffende 'n voorwerp dikwels die voorwerp self is, beteken dit egter nie dat die saak as 'n voorstelling van feite aangaande homself dien nie. Die saak self moet dus nie as inligting beskou word nie. Sodra 'n mens 'n liggaamlike saak sintuiglik waarneem, vorm die waarnemer 'n geestesvoorstelling van die saak of van die bepaalde aspek van die saak, wat hy sintuiglik waargeneem het. Hierdie geestesvoorstelling, wat die waarnemer vorm, is die inligting. By liggaamlike sake moet die saak eers waargeneem word of moet die beeld van die saak eers in of op iets vasgelê word (soos op die film van 'n kamera), alvorens die inligting daaromtrent vrygestel kan word en selfstandig en afgesonderd van die saak kan bestaan.

Selfs al moet die voorstelling waaruit die inligting bestaan betrekking hê op 'n bepaalde voorwerp of onderwerp, beteken dit nie dat die inligting 'n geheelbeeld van die voorwerp of onderwerp daar moet stel nie. Dit mag waarskynlik selfs nie moontlik wees om so 'n volledige voorstelling van enigiets saam te stel nie en stel die meeste brokkies inligting in elk geval slegs sekere aspekte, hoedanighede of gesigspunte van die voorwerp of onderwerp waaroor dit handel daar. Volgens Geldenhuys⁷⁶ kan hierdie aspekte, hoedanighede, gesigspunte, ensovoorts, ten beste saamgevat word deur hulle te beskryf as *feite* betreffende die betrokke voorwerp of onderwerp⁷⁷.

'n Persoon wat reeds 'n voorwerp waargeneem het en later weer die geestesvoorstelling wil oproep, het nie nodig om weer die voorwerp waar te neem nie. Hy kan bloot die geestesvoorstelling wat hy vroeër daarvan gevorm het, uit sy geheue oproep. Hy kan selfs hierdie geestesvoorstelling aan andere

⁷⁶ Geldenhuys (1), 55.

⁷⁷ Geldenhuys beskryf hierdie eienskap van inligting as die *feitelike aard* van inligting. Vgl ook Shera, 23 waar dit soos volg gestel word:

'Information... is fact. It is the stimulus which we receive through our senses. This information may be a single isolated fact or it may be a whole cluster of facts....'

oordra, sonder dat die persoon aan wie dit oorgedra word, die voorwerp self waarneem. Sodanige voorstelling kan in geskrewe of getekende stukke of in foto's of modelle, ensovoorts vervat wees en dien in so 'n geval as plaasvervanger van die voorwerp waaroor die inligting handel⁷⁸.

Volgens Geldenhuys⁷⁹ kan inligting nie 'n selfstandige bestaan voer sonder dat dit in die een of ander medium gevorm is nie. Dus kan daar slegs van inligting sprake wees, indien daar iets bestaan wat as *draer* van die inligting dien. Dit wat as draer van inligting kan dien is nie beperk nie. So kan klankgolwe van die gesproke woord, die lettertekens van die geskrewe woord, die ligprikkel wat 'n foto vorm, die strepe wat saam 'n skets vorm, die dele waaruit 'n model gebou is, die magnetiese deeltjies wat in 'n bepaalde patroon op 'n rekenaarskyf gerangskik is en selfs die breinselle waarin die mens se geheue gesetel is, as draers van inligting optree⁸⁰.

Inligting word slegs as sodanig herkenbaar, indien die medium waarin dit gevorm is, dit moontlik maak dat die inligting sintuiglik waargeneem kan word. Dit beteken geensins dat slegs sintuiglik waarneembare voorstellings as inligting kan kwalifiseer nie. Geestesvoorstellings van 'n bepaalde voorwerp of onderwerp wat slegs in die gees van een persoon bestaan, is eweneens inligting omtrent die onderwerp of voorwerp waaroor dit handel, alhoewel dit nie sintuiglik waarneembaar is nie. Net so is inligting wat in rekenaarleesbare vorm op 'n rekenaarskyf geberg is, of wat uit foto's bestaan wat op 'n film vasgelê is voordat die film ontwikkel is, ook inligting, alhoewel dit nog nie sintuiglik waarneembaar is nie. Sulke inligting, wat in 'n nie-sintuiglik waarneembare vorm bestaan, moet egter wel oor die potensiaal beskik om in 'n sintuiglik waarneembare vorm omskep te word, voordat dit as inligting kan kwalifiseer⁸¹.

⁷⁸ Geldenhuys verwys na hierdie eienskap van inligting as die *plaasvervangingspotensiaal* van inligting.

⁷⁹ Geldenhuys (1), 55-56.

⁸⁰ Geldenhuys beskryf hierdie eienskap van inligting as die *draergebondenheid* van inligting.

⁸¹ Hierdie eienskap van inligting word deur Geldenhuys omskryf as inligting se *sintuiglike waarneembaarheidspotensiaal*; Geldenhuys (1), 56-57.

Inligting wat uit 'n voorstelling in 'n bepaalde vorm bestaan en in sodanige vorm deur iemand verkry word, kan deur die ontvanger in 'n verskeidenheid van ander voorstellings in verskillende vorms omgeskakel word. Byvoorbeeld indien inligting deur die ontvanger daarvan verkry word deur dit visueel waar te neem, kan die ontvanger dit in 'n mondelinge of skriftelike beskrywing van die voorwerp omskakel en dan in die omgeskakelde vorm aan andere beskikbaar stel. Hierdeur kan andere in staat gestel word om dieselfde inligting te bekom, sonder dat hulle die voorwerp self waargeneem het⁸².

'n Eienskap wat uit die vorm-gebondenheid van inligting voortvloei, is die maklike oordraagbaarheid van inligting, aangesien dit nie vir die ontvanger van inligting nodig is om, ten einde andere in staat te stel om dieselfde inligting te bekom as waaroor hy beskik, die andere in dieselfde posisie te plaas as waarin hy was toe hy die inligting verkry het nie. Dit beteken egter dat die ontvanger hierdie bevoorregte posisie, waarin hy was en wat hom in staat gestel het om die inligting te bekom, baie maklik wederregtelik kan gebruik deur die geestesvoorstelling wat hy gevorm het, bloot te omskep in 'n voorstelling wat deur ander waargeneem kan word en dit sonder magtiging aan andere beskikbaar kan stel. Voorts beteken dit dat die ontvanger die fisiese maatreëls, waardeur toegang tot die betrokke inligting beperk word ten einde te verseker dat slegs 'n beperkte aantal persone toegang tot die inligting kan verkry, maklik kan omseil deur die inligting om te skakel tot 'n vorm wat nie aan dieselfde beperkings onderworpe is nie en wat sal verseker dat die inligting vir duisend ander persone toeganklik sal wees. Moderne tegnologie speel 'n besondere rol in die verband, want inligting kan deur middel van die moderne kommunikasiemedia binne 'n oogwink aan miljoene mense regoor die wêreld verskaf word.

Sodra 'n persoon dan eenmaal bepaalde inligting ontvang het en vir homself of haarself 'n geestesvoorstelling na aanleiding van sodanige inligting gevorm het,

⁸² Geldenhuys noem hierdie eienskap van inligting die *vorm-gebondenheid* van inligting; Geldenhuys (1), 57.

is dit onmoontlik om die inligting van die betrokke persoon te ontnem. Al word enige voorstellings waardeur die persoon die inligting verkry het, van die persoon weggenem, bestaan daar hoegenaamd geen manier waarop die persoon sonder 'n ingrypende aantasting van sy of haar liggaamlike of geestelike integriteit, van die geestesvoorstelling wat hy of sy reeds gevorm het na aanleiding van die inligting wat hy of sy verkry het, ontnem kan word nie⁸³.

Laastens kan dit nie as voorvereiste vir inligting gestel word dat die inligting waar (dit wil sê korrek) moet wees nie, want dit sal 'n onmoontlike las op 'n persoon plaas, wat beweer dat 'n bepaalde handeling ten aansien van inligting verrig is⁸⁴. 'n Idee hoef dus nie korrek of waar te wees voordat dit as inligting kan kwalifiseer nie. Daar behoort dus nie van 'n persoon verwag te word om te bewys dat sy inligting feitelik korrek is voordat dit as inligting beskou sal word nie⁸⁵.

Uit Geldenhuys se definisie van inligting is dit duidelik dat hy inligting ag as *enige voorstelling van feite* betreffende enige voorwerp of onderwerp. Hierdie aanname is vir twee redes 'n ongelukkige woordkeuse.

Eerstens indien 'n persoon in die algemene spreektaal na 'n voorstelling verwys, is die aanname onmiddellik dat dit iets is wat 'n persoon kan sien. Inligting kan wel uit so 'n voorstelling bestaan maar bestaan nie noodwendig uit 'n sigbare voorstelling nie.

Tweedens, maak Geldenhuys gebruik van 'n omskrywing van *feite* wat aantoon dat feite iets is wat konkreet bestaan. Weereens verwys dit na iets liggaamlik, wat gesien kan word. Verder verwys die omskrywing van feite na 'n gebeurtenis, alhoewel ook geestelik, wat plaasgevind of ondervind is. In die algemene

⁸³ Hierdie eienskap van inligting word deur Geldenhuys omskryf as die *onomkeerbaarheid van voltooide inligtingsverskaffende handeling* en meen hy ook dat hierdie eienskap die potensiële nadeel wat die ongemagtigde verskaffing van inligting inhou, net vererger; Geldenhuys (1), 57-58.

⁸⁴ Geldenhuys verwys na hierdie eienskap van inligting as die *waarheidsongebondenheid* van inligting; Geldenhuys (1), 58.

⁸⁵ Sien ook hierdie Hoofstuk, par 2.2.

betekenis van hierdie begrippe moet afgelei word dat feite dus iets is wat wel plaasgevind het en dus korrek of die waarheid is. Hierdie afleiding word ondersteun deur die verdere deel van die definisie van feite wat melding maak van 'n 'voorval, hoedanigheid of verband waarvan die werklikheid uit die ondervinding blyk of met sekerheid afgelei kan word'. Hierdie gedeelte van die definisie verwys weereens na die werklikheid, wat die afleiding regverdig dat dit die waarheid moet wees⁸⁶. Inligting hoef nie noodwendig waar of korrek te wees om as inligting te kan kwalifiseer nie en so hoef dit nie waar of korrek te wees voordat dit op beskerming geregtig behoort te wees nie⁸⁷.

Die verdere dele (i) en (ii) van Geldenhuys se definisie van inligting gee eintlik net die gevolge van inligting, as gevolg van die aard daarvan, mee. Inligting kan sintuiglik waargeneem word of in 'n sintuiglik waarneembare vorm omskep word, net so kan dit 'n onstofflike bestaan voer sonder dat dit in enige stofflike vorm vervat of uitgedruk is.

Dieselfde kan gesê word van die dele (iii) tot (v) van Geldenhuys se definisie wat ook net die gevolge van die bepaalde aard van inligting weergee. Die enigste werklike unieke karakter wat inligting van meeste ander onliggaamlike objekte onderskei is dat dit aan 'n tweede persoon oorgedra kan word sonder dat die eerste persoon dit, sonder enige ernstige inbreukmaking op sy liggaamlike of geestelike integriteit, ontnem word.

Halbert⁸⁸ meen dat dit 'n eienskap van uitdrukkings en idees is dat 'once distributed they cannot be returned'. Volgens haar kan idees slegs beheer word

⁸⁶ Geldenhuys verwys wel in sy bespreking van die eienskappe van inligting dat dit nie waarheidsgebonde is nie, maar hierdie waarheidsongebondenheid blyk nie uit sy uiteindelijke definisie van inligting nie. Sy definisie skep juis die teenoorgestelde indruk.

⁸⁷ Sien Hoofstuk 2.2 waar data ook as feite omskryf word, dit wil sê data word beskryf as iets wat waar en korrek is en nie inligting nie. Inligting kan bestaan uit feite, wat nie noodwendig waar en korrek is nie en uit data, wat wel waar en korrek is.

⁸⁸ Halbert, 147.

indien dit nie gedeel word nie, want ‘the minute they are communicated, enforcing a property right becomes virtually impossible’.

2.5 ONTLEDING VAN DIE PROBLEEM WAT MET DIE SOGENAAMDE DIEFSTAL VAN INLIGTING ONDERVIND WORD

Die bepaalde aard van inligting en sodoende ook die struikelblok wat verhoed dat ’n persoon suksesvol op ’n aanklag van die diefstal van inligting vervolg kan word, word gepas deur Thomas Jefferson⁸⁹ uiteengesit:

‘If nature has made any one thing less susceptible than all others of exclusive property, it is the action of the thinking power called an idea, which an individual may exclusively possess as long as he keeps it to himself; but the moment it is divulged, it forces itself into the possession of everyone, and the receiver cannot dispossess himself of it. Its peculiar character, too, is that no one possesses the less, because every other possesses the whole of it. He who receives an idea from me, receives instruction himself without lessening mine as he who lights his taper at mine, receives light without darkening me. That ideas should freely spread ..., seems to have been peculiarly and benevolently designed by nature when she made them, like fire, expansible over all space, without lessening their density at any point, and like the air in which we breathe, move, and have our physical being, incapable of confinement or exclusive appropriation. Inventions then cannot, in nature, be a subject of property⁹⁰.

⁸⁹ Jefferson, 180.

⁹⁰ Ibid.

Volgens Malan⁹¹ behels die vraag of inligting gesteel kan word, twee vraagstukke. Eerstens of inligting 'n identifiseerbare regsgoed is en indien bevind word dat inligting wel identifiseerbare regsgoed is, moet tweedens vasgestel word of dit 'n voorwerp is wat regtens gesteel kan word.

Inligting is sonder twyfel vandag 'n kritiese sosiale hulpbron waarsonder die samelewing beswaarlik kan bestaan. In die algemeen gesproke kan inligting vanselfsprekend nie, volgens Malan⁹², 'n regsobjek soos patente, outeursregte of immaterieelgoedere wees nie, want dit is nie so bepaald of selfstandig dat beskikking en genot daarvoor moontlik is nie. Selfs die erkenning van inligting as 'n vorm van immaterieelgoedere beteken nog nie dat dit vir diefstal vatbaar is nie. Diefstal het sy eie vereistes en enige uitbreiding daarvan deur regterlike vertolking moet binne die *nullem crimen sine lege*-leerstuk bly. Indien, volgens Malan, dus aanvaar word dat in beginsel slegs roerende stoflike sake gesteel kan word, is daar ongetwyfeld ruimte vir die kriminalisering van gedrag wat op die onregmatige verkryging van handelsgeheim en bedryfsgeheime neerkom, in plaas daarvan om die onregmatige verkryging van *res incorporales* in die algemeen as diefstal strafbaar te stel. Op hierdie wyse, volgens Malan, kan van die waardevolste regsgoedere van die mens strafregtelik beskerm word sonder om, strydig met die vereistes van die *nullem crimen sine lege*-leerstuk, diefstal as misdad uit te brei.

Volgens Sieber⁹³ gee die nuwe teorie van 'information law' gehoor daaraan dat moderne inligtingstegnologie die eienskappe van inligting wysig, deur veral inligting se belangrikheid te versterk en deur dit te sien as 'n aktiewe faktor wat sonder menslike inmenging in 'outomatic processing systems' werk. Hierdie nuwe benadering stel dit duidelik dat die evaluasie wat die reg aan beide

⁹¹ Malan, 215 – 217.

⁹² Ibid.

⁹³ Sieber, 16 ev.

liggaamlike en onliggaamlike⁹⁴ voorwerpe verleen, aansienlik verskil. Die eerste verskil het te make met die beskerming wat aan die besitter⁹⁵ of houer van liggaamlike voorwerpe aan die een kant en aan onliggaamlike voorwerpe aan die ander kant verleen word. Terwyl liggaamlike voorwerpe meer uitsluitlik aan 'n bepaalde persoon toegeskryf kan word, is inligting eerder 'n openbare belang wat in 'n oop samelewing hoofsaaklik vry vloei en is dit nie onderhewig aan uitsluitlike beskerming op dieselfde wyse as wat tasbare eiendom is nie. Die basiese beginsel van 'free flow of information' is nie net weselik vir die ekonomiese en politieke sisteem nie, maar ook 'indispensable for the transfer and progress of informatics in developing countries'⁹⁶.

Die tweede verskil tussen die geregtelike beheer van tasbares en ontasbares is, volgens Sieber⁹⁷, dat die beskerming van inligting nie net die ekonomiese belang van die eienaar of houer in gedagte moet hou nie, maar moet terselfdertyd ook die belange van daardie persone wat met die inhoud van die inligting gemoeid is, verseker. Hierdie aspek sal nuwe aspekte aangaande privaatheid beskerming tot gevolg hê. Die regsbeskerming van inligting moet dus apart van die beskerming van liggaamlike voorwerpe ontwikkel. By die oorweging van die belange van die houer of die eienaar van die inligting, is Sieber van oordeel dat die strafreg onder andere moet oorweeg in welke gevalle die uitsluitlike gebruik en die geheimhouding van die inligting beskerm behoort te word, indien enigsins.

Sieber⁹⁸ bespreek die beskerming van liggaamlike voorwerpe en onliggaamlike voorwerpe met spesifieke verwysing na die beskerming van handelsgeheime. Volgens hom toon die historiese en vergelykende analise van handelsgeheimbeskerming 'n perfekte voorbeeld dat die ontwikkeling van tasbare eiendom nie maklik vir die beskerming van inligting aangewend kan word nie. Die tradisionele

⁹⁴ Sieber verwys hier meer spesifiek na inligting.

⁹⁵ Verwysende na die 'proprietor'.

⁹⁶ Sieber, 16 ev.

⁹⁷ Ibid.

⁹⁸ Ibid.

strafsanksies van diefstal sal nie spesiale probleme oplewer waar die inligting verkry word deur sodanige inligting, wat in 'n ander persoon se tasbare inligtingsdraer soos 'n rekenaaruitdruk, kassette of 'n disket vervat is, weg te dra nie. Hierdie tradisionele inligtingsdraer-diefstalle is nou egter met handeling waardeer inligting na datatoestelle gekopieer word, vervang. Die vraag ontstaan dus tot welke mate die suiwer verkryging van onliggaamlike inligting deur tradisionele strafsanksies gedek word of gedek behoort te word.

Daar het in die afgelope paar dekade 'n verskuiwing plaasgevind van inligting wat in 'n tasbare medium gehou word na 'n grenslose, ontasbare omgewing waarin inligting geweldig in waarde toegeneem het. Terwyl inligting in die verlede agter slot in 'n kas of kluis geberg was en 'n persoon fisies moes inbreek om die inligting te bekom, het daar ook 'n verskuiwing in hierdie verband plaasgevind. Inligting kom nou meestal in elektroniese vorm voor wat die verwydering daarvan of toegang-verkryging daartoe vergemaklik. Dit is nie meer vir 'n werknemer nodig om by 'n fotostaatmasjien te staan en die geheime dokumente te kopieer, terwyl daar 'n risiko is dat hy uitgevang gaan word nie. Hy kan nou binne minute inligting (soos 'n maatskappy se kliënte lys of vertroulike inligting aangaande pryse) op 'n disket aflaai, die disket in sy sak plaas en by die deur uitstap sonder dieselfde risiko om gevang te word⁹⁹. So kan 'n werknemer ook bloot deur van e-pos gebruik te maak inligting vanaf sy werkstasie na andere of sy eie e-pos adres stuur. Die kans dat sy optrede nagespoor kan word, is egter veel groter as hy van e-pos gebruik maak, teenoor om bloot die inligting op papier te kopieer of om dit op disket af te laai. Die rede hiervoor is dat sekere werkgewers hulle werknemers se e-pos boodskappe monitor en ook omdat 'n spoor op 'n rekenaar gelaat word indien 'n e-pos uitgestuur word.

⁹⁹ Carr et al, 161.

2.6 GEVOLGTREKKING

Ons almal is van oordeel dat ons weet waarna verwys word as daar na idees, data of inligting in die algemeen verwys word. Die vraag is eerder aan welke inligting die reg regsgevolge moet heg. Indien inligting omskryf kan word as enige idee, of data of samestelling van idees en/of data sal voorgestel word dat inligting waaraan die reg regsgevolge sal heg bestaan uit enige idee, of data, of samestelling van idees en/of data wat buite die mens geleë is en wat op die een of ander voorwerp of onderwerp betrekking het.